



Oosies

NUUSBRIEF

2026
WERK EN OORWIN
Ons omgee-uitleefskool waar ons met passie potensiaal ontsluit

#trotseoosie #laatdieblougolfrol #hierbouonsjoutoekoms

35/2026

15 Oktober 2026

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouers en Voogde

Ons matrieks is reeds deur hul eerste week van die eindeksamen en die laaste groot uitdaging van hul skoolloopbaan is nou volstroom aan die gang. Ons hoop dit gaan goed met elkeen en dat al die ure se voorbereiding nou vrugte afwerp. Matrieks, hou moed, bly gefokus en onthou, julle is amper by die eindstreep! Vir ons Graad 8 tot 11 leerders lê die eindeksamen ook om die draai en spring hul op **23 Oktober 2026** weg. Leerders moet asseblief vroegtydig met voorbereiding begin en nie leerwerk tot die aand voor die eksamen uitstel nie. Goeie beplanning, gereelde hersiening en genoeg rus is die sleutel tot sukses.

Die Departement van Onderwys ([Circular 03 van die Departement](#)) bepaal dat leerders gedurende eksamen tot 13:00 skoolpligtig is. Ons herinner ouers aan die skrywe ten opsigte van [Leerderbywoning tydens eksamens](#) wat bepaal hoe die skool leerderbywoning tydens eksamens gaan bestuur. Die skrywe is op 9 Oktober aan leerders uitgegee met die afsnydatum van 16 Oktober vir die skeurstrokie en Google vorm.

Wat 'n besonderse jaar vir ons Rekeningkunde-leerders. Die Proverto Nasionale Rekeningkunde-Olimpiade het deur die jaar plaasgevind en ons Graad 10- en 11-leerders het hul uitstekend van hul taak gekwyd. Die finale nasionale plasing is nou bekend en ons het beslis rede om trots te wees. Juandre Erasmus (Gr. 11): 4de uit 2013 deelnemers, Heinrich Kok (Gr. 11): 29ste uit 2013 deelnemers, Christal du Plooy (Gr. 10): 32ste uit 1991 deelnemers en Reuben van Blerk (Gr. 11): 39ste uit 2013 deelnemers. Om só goed tussen duisende deelnemers van regoor die land te presteer, is voorwaar iets anders. 'n Groot dankie ook aan ons Rekeningkunde-onderwysers wat met soveel passie en toewyding ons leerders ondersteun en aanmoedig om hul beste te gee.

Die Oosie-hengelspan het aan die Kampioen van Kampioene-toernooi by Bloemhofdam deelgeneem en behoorlik hul staal gewys. Die span het bo-aan hul liga geëindig en daarmee hul plek by die Topskole-hengeltoernooi verseker. Individuele uitslae: JJ Erasmus (37ste uit 105 hengelaars), Reuben van Blerk (67ste uit 105 hengelaars) en Eben Koen (81ste uit 105 hengelaars). Ons Oosie-atlete neem op 15 en 16 Oktober deel aan die NWU Top 30-atletiekbyeenkoms. Baie sterkte aan elke atleet. Ons dogters se eerste krieketspan het gewys wat in hulle steek toe hulle Cornwall Hill onlangs met 'n indrukwekkende 45 lopies geklop het terwyl ons tennisspelers by die Buffelspoort tennistoernooi ons trots gemaak het met die manier waarop hul Oos-Moot verteenwoordig het.

Ons Rasielereiers het vanjaar behoorlik gewys wat in hulle steek. Nadat hulle deurgedring het na die IFAA SA Kampioenskappe se finaal, het hulle op 2 Oktober 2026 by die Heartfelt Arena nóg beter gevaar. Die span het 'n fantastiese **93%** behaal, 'n tweede plek vir die aand ingepalm en somer ook hul plek by die SA Grand Prix-kampioenskappe verseker. Wat 'n prestasie! Die o.14A-, o.15A- en o.16A-sagtebalspanne het hulle plekke in die finaal verseker na 'n strawwe semi-finaal: Sterkte met die finaal Oosies! Geluk aan die Mnr en Mej Oos-Moot 2027 finaliste wat aangewys is.

In die vorige nuusbrieff het ons genoem dat die eerste waterfontein, vir die gebruik van ons leerders, reeds op die terrein geïnstalleer is (sien foto's). Nog twee waterfonteyntjies is in proses.

'n Groot dankie aan ons personeel, afrigters en ouers wat agter die skerms soveel doen om ons leerders op alle gebiede te ondersteun. Julle maak 'n groot verskil!

Nou lê die laaste paar weke van die skooljaar voor. Kom ons hou die fokus, ondersteun mekaar en sluit 2026 op 'n positiewe noot af.

Sterkte met die eksamen, Oosies – ons glo in julle!

Vriendelike groete

Me S Theron

HOOF



ALGEMEEN

- 15 Okt. Gr.12 Glinsteraand
- 17 Okt. Orkes gala-aand
- 19 Okt. Algemene Jaarlikse Ouervergadering (begroting 2027)
- 23 Okt. Gr.8 tot 11 eindeksamen begin
- 30 Okt. Klerebank pasdag
- 31 Okt. Oosie-Winkel Pasdag
- 4 Nov. Spesiale vakansiedag vir STEMMING
- 26 Nov. Gr.12 eindeksamen eindig
- 9 Des. Gr.8 tot 11 leerders ontvang rapporte
Skool eindig vir leerders

LIEF EN LEED

Ons wens mnr. A. Stolp 'n spoedige en voorspoedige herstel toe ná sy onlangse handoperasie.

GRAVERING VAN TROFEES

Ouers van leerders wat wisseltrofee ontvang het, kan gravering teen 'n koste van R120 per trofee laat doen.

Betaling

- Die bedrag kan by die finansieskantoor inbetaal word. Die verwysing wat gebruik moet word is: "Prysuitdeling" + leerder se naam, van en "trofee"
- Die kwitansie moet aan juf. N. Visser (K96) getoon word, tesame met die volgende inligting:
 - Naam en van van die trofeewenner
 - Datum
 - Volledige benaming van die trofee

Sluitingsdatum

Vrydag, 30 Oktober 2026.

FOTOBESTELLINGS

Groepfoto's kan direk by Prestige Photographic Group geplaas word. Gebruik asseblief dieselfde unieke kode wat aan die begin van die jaar saam met die individuele foto's ontvang is om toegang tot die foto's te verkry en u bestelling te plaas.

Bestellings sluit op 5 November 2026.

KENNISGEWING: ALGEMENE JAARLIKSE OUERVERGADERING

Ons nooi AL ons huidige ouers uit om hierdie vergadering by te woon. Die skool se begroting, skool- en ander fondse vir 2027 word tydens hierdie vergadering goedgekeur.

Datum : 19 Oktober 2026
Tyd : 17:30 vir 18:00
Plek : Skoolsaal

Indien geen kworum bereik word nie, sal die vergadering verdaag vir 30 minute en die **tweede vergadering** sal dan om **18:30 (Maandag, 19 Oktober 2026)** in die **skoolsaal plaasvind** en nie Woensdag, 21 Oktober 2026 soos aangedui in die jaarbeplanner nie.

Ouers sal die formele uitnodigingskrywe met volledige inligting, die agenda en die notule van die 2025 Algemene Jaarvergadering vandag per e-pos ontvang.

Die bywoning van hierdie vergadering is uiters belangrik, aangesien belangrike finansiële en administratiewe sake bespreek en goedgekeur moet word.

2026 JAARBLADBESTELLINGS

Ouers wat graag die skool se 2026 Jaarblad wil aanskaf kan nou reeds bestel en betaal.

BESTELLING EN KOSTE

Koste : R200 per jaarblad
 Bestellings : Voor of op 30 Oktober
[Bestel hier](https://forms.gle/idpMZsGBpbiPc4Ti6) of by die volgende skakel:
<https://forms.gle/idpMZsGBpbiPc4Ti6>

Die aantal jaarblaaie wat gedruk word, sal bepaal word volgens die aantal **betaalde bestellings** wat teen hierdie datum ontvang is.

Belangrik: Indien 'n jaarblad bestel is, maar betaling nie teen 30 Oktober 2026 ontvang is nie, sal die bestelling nie as geldig beskou word nie.

BETALING EN BANKBESONDERHEDE

Afsnydatum : 30 Oktober
 Betaling moet asseblief in die skool se bankrekening gedoen word met die volgende verwysing:

Rekeningnaam :	Hoërskool Oos-Moot
Bank :	First National Bank (FNB)
Rekeningnommer:	63124628041
Takkode :	210835
Verwysing :	Leerder se voorletters en van+jaarblad

BESIKBAARHEID EN AFHAAL

Die 2026 Jaarblaaie sal aan die begin van die 2027-skooljaar beskikbaar wees.

Sodra die jaarblaaie gereed is vir afhaal, sal 'n kennisgewing op die skool se **mediaplatforms** geplaas word.

Die kwitansie of EFT-bewys van betaling moet by me. **A de Villiers (T10C)** getoon word wanneer die jaarblad afgehaal word.

AKADEMIE**Akademie TOP 10 – Kwartaal 3**

Graad 11		
1	Juandre Erasmus	98.92
2	Heinrich Kok	92.95
3	Mia Steenkamp	92
4	Erwee Viljoen	90.97
5	Reuben van Blerk	90.79
6	Chris de Jager	90.33

Graad 11 (vervolg)		
7	Jürgen Gottshick	89.89
8	Megan Ferreira	89.13
9	Leane Theron	88.82
10	Lana Love	88.51

Graad 10		
1	JD Bronkhorst	95.5
2	Sandra-Kate van der Merwe	93.1
3	Charné Raubenheimer	92.23
4	Amy Galetti	91.6
5	Nico Claassen	91.04
6	Christal du Plooy	90.61
7	Kaileen van der Merwe	90.32
8	Tammy Stolz	89.71
9	Chelisa van Jaarsveldt	89.71
10	Diané Joubert	89.13

Graad 9		
		%
1	Rika van der Walt	95.14
2	Noa van der Merwe	95.01
3	Lana du Plessis	93.06
4	Rodrick Oosthuizen	91.68
5	Marli Pretorius	90.86
6	Juané Venter	90.25
7	Shanri Herbst	89.83
8	Elzette Heller	89.63
9	Anzel Ehlers	89.07
10	Winson Kruger	88.98

Graad 8		
1	Sonlia van Jaarsveldt	95.11
2	Cleadon van Rooyen	95
3	Zené Jones	94.3
4	Josua Kruger	94.27
5	Willem van der Merwe	94.24
6	Leandr Joubert April	93.39
7	Amoré Louw	91.85
8	Zuané Barkhuizen	91.4
9	Hilda Adams	90.88
10	Karli Diedericks	89.34

EKSAMENROOSTER EN LEERDER-BYWONING TYDENS EKSAMEN (KWARTAAL 4)

Eksamenrooster

Die Kwartaal 4-eindeksamenrooster is in hardekopie aan alle leerders uitgegee. Die rooster is ook op die skool se [webwerf](#) beskikbaar.

Belangrike wysiging – graad 11:

Die datum vir Engels Vraestel 3 is aangepas. Die vraestel word vervroeg vanaf 26 Oktober na 23 Oktober.

Leerderbywoning tydens eksamen

Die Gautengse Departement van Onderwys het die afgelope paar jaar verskeie riglyne uitgereik oor leerderbywoning en skoolure tydens eksamenperiodes.

Ons wil graag die belangrikste bepalings kortliks met ouers en leerders deel en verduidelik hoe dit tydens die eksamenperiode by die skool toegepas sal word.

'n Skrywe in hierdie verband word op 9 Oktober in harde kopie aan leerders uitgegee en sal per e-pos aan ouers gestuur word. *Let op die afsnydatum van 16 Oktober vir die skeurstrokie en Google vorm wat voltooi moet word.*

WISKUNDE EN WISKUNDIGE GELETERHEIDSTOETSE

Ons stel u hiermee graag in kennis dat alle graad 8 tot 11-leerders op Maandag, 19 Oktober, 'n Wiskunde- of Wiskundige Geletterdheidstoets sal aflê.

Die afbakenings vir die onderskeie toetse is reeds op Google Classroom geplaas.

SPORT

NETBAL

Proewe

Die netbalproewe vir 2027 vind op die ondergenoemde datums plaas.

Registreer by die volgende skakel vir die **eerste rondte** van die proewe.

<https://forms.gle/FsGWHN96dJRV56LXA>

RONDTE 1		
Datum	Ouderdom	Tyd
26 Okt. 2026	o.16 tot o.19	13:00-16:00
27 Okt. 2026	o.14 en o.15	12:00-14:30

RONDTE 2	
24 tot 26 Nov. 2026	1stes (Finale proewe)

FINALE PROEWE	
12 Jan. 2027	o.15 tot 2de-spanne

SPANFINALISERING	
20 Febr. 2027	o.15 tot 2de-spanne

SWEM

Oefening

Plek : Hillcrest swembad

Gala-datums in Oktober vir 2026 swemspan

Datum	Plek
15 Okt.	Sal bevestig word
22 Okt.	Sal bevestig word.

Navrae kan gerig word aan: swem@oos-moot.co.za

NUUSBRIEFADVERTENSIES

Adverteer in ons skool se nuusbrieff. Koste en volledige inligting by die [skakel](#) beskikbaar of kontak me C Meyer (bemarkers) by bemark@oos-moot.co.za.



PLANTCARE SERVICES BIED:

- Binnenshuise plant-installering en -instandhouding
- Tuinontwerp en besproeiing
- Plantdekorverhuring
- Weeklikse versorging

Tel: 072 500 2889 / 072 080 7540

Besoek www.plantcareservices.co.za
vir meer inligting. Stuur 'n e-pos
na info@plantcareservices.co.za
of plantc@mweb.co.za

Ondersteun
jou gemeenskap.

Vra spesifiek by
Blits kassiere
jy wil jou aankope onder

**Hoërskool
Oos-Moot**

**Kontantdonasierekening
doen.**

Blits gee 10% korting terug aan
Hoërskool Oos-Moot.



800 34th Avenue, Villieria
Tel: 083 226 2307
www.blitspta.co.za



Waverley
Wiskunde & Wetenskap
Sentrum

Vakke wat by die Wiskundesentrum aangebied word.

- Wiskunde graad 1 tot 12, asook Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde.
- Rekeningkunde graad 8 tot 12.
- Afrikaans graad 1 tot 12. Engels graad 1 tot 12.
- Wetenskap graad 10 tot 12 sowel as Tegniese Wetenskap
- **Career Direct:** Aanlegtoetse, vakkeuse, beroepskeuse en beroepsleiding

Aanvullende onderrig + Beroeps
- & Vakkeuse toetsing

Marina Stander - 083 259 8913

Wiskunde en
WETENSKAP
HULPBRONNE

- ✓ Flitskaarte
- ✓ Teorieboek
- ✓ Vraestelle

Alles wat jy nodig het om 'n
SUKSES van jou studies te maak!

Teen 'n Koste van:
R330!!

www.wenwetenskap.co.za

<https://www.wenwetenskap.co.za>



The poster features a vibrant background of a cricket stadium at night with bright floodlights. In the center, the title 'MOOT T20 LEGENDS' is written in large, bold, stylized letters. 'MOOT' is in white with a red cricket ball as the letter 'O', and 'T20' is in yellow. 'LEGENDS' is in white. Below the title, a yellow banner contains the text 'DIE GROOTSTE SPELERS. DIE LEGENDE LEEF VOORT.' in black. At the bottom left, a red cricket ball and a wooden bat are shown on a green field. The bottom of the poster has a dark blue bar with white text: 'SPORT | NETWERK | GEMEENSAP | IMPAK'.

JV-Hartklop NPO
VIR 'N BETER MORE

OOSIE Bond
OOSIE BOND NPO
SAAM MAAK ONS 'N VERSKIL

MOOT T20 LEGENDS
DIE GROOTSTE SPELERS.
DIE LEGENDE LEEF VOORT.

SATERDAG 24 OKTOBER 2026

HTS JOHN VORSTER SPORTGRONDE
PRETORIA

BYEENKOMSBEPLANNER
BLKSM
EVENTS

MEDIA-VENNOOT
GROOTFM
GAAN GROOT 90.5

KOM ONDERSTEUN ONS!

SPORT | NETWERK | GEMEENSAP | IMPAK